# 324. GEBED

```
D           A                  D
Laat my nooit U weg verlaat nie,
D         A              D        D7
laat my in U skadu bly.
G           A             Bm           A
Gee dat elke aardse vreugde en vrees
E7                         A7
eind'lik nietig word vir my.
D       A                  D
Elke afdraaipaadjie ken ek,
G     Em                 A     A7
-elke keer het ek gedwaal,
D       D7               G            Gm
elke keer het U my iewers kom haal –
D            A                  D       Dsus4        D
maak dit, Yah, die laaste maal.


D           A         D
Elke dag is 'n gedagte,
D     A                  D        D7
elke kamer net gehuur,
G     A                    Bm           A
elke aardse droom van rykdom en roem,
E7                         A7
net 'n skadu teen die muur.
D       A            D
Wat ek is, is net genade;
G        Em              A     A7
-wat ek het, is net geleen.
D       D7                 G          Gm
Eintlik smag ek na U waters van rus.
D            A                  D       Dsus4        D
Yahweh, lei my nou daarheen.
```